

## In hierdie uitgawe



- BI 1 Nuwe koers vir apostolaat (Dr Christo van der Merwe)
- BI 2 **Van die redakteur, dr Gerhard Lindeque: Pinkster 2009**  
Ringsvergaderings 2009
- BI 3 **Kerk en wêreld**  
Die NHKA en WARC (Ds Etienne Fourie)  
Versoeningsgesprek  
'n Deurbraak in kerklike verhoudinge (Dr Wim Dreyer)
- BI 4 **Op die kerkwerf**  
**Die MRCC**  
Nuus uit die MRCC (Ds JM Motloba)  
Legitimasie van MRCC-studente  
MRCC se jeug vergader  
'n Besondere prestasie
- BI 5 **Op die kerkwerf**  
**In die arms van ons moeder**  
Vergifnis stel ons vry (Resensie oor *The Shack*) (Dr Gerhard Lindeque)  
Loop die kerk leeg?
- BI 6 **Wat kerknuus aanbetref**  
Bediening in Londen  
Bediening in Wenen  
Beroepe aanvaar  
**Gespreksforum**  
Bybelvasvra en Skrifbeskouing (Ds Herman van den Berg)
- BI 7 **Gespreksforum**  
Oproep tot nugterheid en kalmte (Prof Theuns Dreyer)  
Drie lesersbriewe
- Agterblad **Oordenking**  
Die aanstap en voorstap van God se liefde (Ds Naas Lombard)

## Pinkster 2009

In sy redaksionele artikel skryf dr **Gerhard Lindeque** dat die kernboodskap van die Bybel altyd dieselfde bly, en dat dié boodskap nie deur moeilike teologiese redenasies uitgedruk word nie. Dit word meestal op 'n heel gewone en eenvoudige manier oorgedra. Soos 'n ma wat haar kind van God leer. Daar behoort by ons baie groter waardering te wees vir die rol wat 'n moeder speel in die oordrag van geloof. Wanneer ons dus gedurende Mei ons moeders bedank vir die rol wat hulle in ons lewens speel, laat ons nie vergeet nie van die groot aandeel wat hulle in ons verhouding met God het. En mag God ons steeds inspireer deur sy Gees. Natuurlik is ons gerig op die hele wêreld. Maar laat ons hulle wat die naaste aan ons is, ons eie gesinslede en gemeentelede, nie vergeet nie. Dit is waar ons verantwoordelikheid om God se liefde uit te leef, begin.

## Ander artikels

In dieselfde uitgawe skryf dr **Christo van der Merwe** oor die nuwe koers wat apostolaat nou moet inslaan. Die gesprek wat 'n joernalis onlangs gevoer het met dr **Wim Dreyer** en wat uitgeloop het op 'n artikel in *rooi rose*, word opgesom vir ons lesers. Dr **Lindeque** resenseer die boek *The Shack* nadat talle lidmate daarvoor gevra het. Daar is ook berigte oor die bediening in Londen en Wenen, en ds **Herman van den Berg** gee 'n nugtere ontleding van dr Gert Malan se boek *Om die Bybel beter te verstaan*.